


LIBERATION

Too many Christians
are not free
because they submit
to the domination
of other people's ideas.
They submit passively
to the opinions of the crowd.
For self-protection
They hide in the crowd,
and run along with the crowd
even when it turns
into a lynch mob.
They are afraid of the
aloneness,
the moral nakedness
which they would feel
apart from the crowd.



But the Christian
in whom Christ is risen
dares
to think and act differently
from the crowd.
He has ideas of his own,
not because he is arrogant,
but because
he has the humility to stand alone
and pay attention to the purpose
and the Grace of God,
which are often
quite contrary
to the purposes
and the plans
of the established
human power structure.

THOMAS MERTON

march

1977

maart

BY DIE POSKANTOOR AS NUUSBLAD INGESKRYF

REGISTERED AT THE GPO AS A NEWSPAPER

pro veritate

FEAR AND LOVE

Education becomes indoctrination; democracy becomes totalitarianism; 'Defence' means the forceful imposition of a policy on an unarmed population; Truth is decided by censor; Law is pronounced by policemen without recourse to the Courts. Faith in Christ becomes the support of religious systems and tribal taboos. Many churchmen, whilst verbalising liberal theories, actually identify with white supremacy, wealth, discrimination, western ideologies, the armed forces of violence, irrelevant pseudo gospels, and a social consciousness that promotes the concepts of capitalism rather than Christ. But they are so petrified with fear that they do not recognise it.

Whites have got everything: especially fear. Boundless qualities, noble traditions, high ideals, long training, and vast experience of citizenship are crippled by their fears. They are like highly trained athletes whose legs are placed in chains until they become stunted and twisted.

These dark white fears need obliterating by the light of truth.

Blacks are useless. False. Most white ideas of black ideas are white ideas. Many who have the 'I know the kaffir' mentality picked up their concept of black intentions from white politicians who have no real knowledge of the feelings of black people. The actual black contribution is vital.

Blacks are communists. False. Blacks want to be human adults instead of dehumanised minors but have no desire to swap white domination for red domination. The African National Congress and the Pan Africanist Congress have been fighting communists in their ranks simply because so many blacks reject a communist take over. Tanzania and Zambia accepted Chinese help for the Tanzam Railways simply because the West refused it. Black South African politicians seeking a new deal rightfully examine every political and social alternative, and own a special interest in Communism simply because the Nationalists reject it with such vehemence. Yet they know that nationalists are as capable as fascists of using communism as a scape goat, and they have no desire (and no necessity) to be taken over by 19th century theories or 20th century Great Powers. They want a local, indigenous, actual liberation.

Blacks will decimate the country with tribal warfare. False. South African blacks are well aware of the dangers of human fratricide, and deeply critical of the factions which have caused chaos amongst South African Whites: and amongst the Black states to the north. Many are strongly apprehensive of the nationalist tactic of using the ideology of ethnicity to establish 'Homelands', scorn the 'independence' of Transkei and BophuthuTswana, and are deeply concerned about Inkatha.

From the African National Congress to the Black Peoples Convention, black political organisations have eschewed tribalism. It is specifically rejected by blacks in the churches.

Blacks are as aware of their personal and local roots as the English, Jews, Afrikaners, Cockneys, or Transvalers — but they want one united South Africa.

Nor do they have any doubt who their leaders are, though they are denied the opportunity to elect them.

Blacks will drive whites into the sea. Blacks will cut white throats. Blacks will use power to retaliate and we cannot blame them. False. Blacks are opposed to apartheid, oppression, racism, and subjugation; they are opposed to white dominance, to whites telling them what to do, to whites thinking they know best, and to the enforced imposition of white customs and priorities. But blacks are not opposed to whites.

The notion that Change in South Africa means a black government which totally rejects whites is entirely a figment of white nationalist imagination and swart gevaar politicising. Because whites exclude blacks as subhuman they should not assume that blacks do the same.

There are whites in the government of many 'black' states, including our neighbouring territories. There are whites in the African National Congress. The Black Consciousness Movements exclude whites from membership for obvious tactical reasons, but not from friendship, nor the future.

People who have been guilty of crimes against humanity can expect the judgement of society in South Africa as anywhere else; flashpoint tragedies are bound to occur. But anti-criminal action is not to be confused with anti-white action, and black leaders are as opposed to mob rule in South Africa as they are to the maghotlas in Soweto and the KKK in the USA.

Blacks will repeat the catastrophes of the states to the north. False. South African blacks are more aware than anyone of the happenings in the north, and are opposed to dictators white, red, or black. They know, far better than most whites, of the errors of Nkrumah, the problems of Nyerere, the tensions around Kaunda, the follies of black leaders in Zimbabwe, and the unspeakable foulness of regimes like Uganda. (Read what blacks write on it). They are determined to produce an alternative South African Christian solution that works.

Blacks have nothing positive to offer. False. This is a lie against the human race perpetuated by racist influence on the media, and the rearing of fear laden whites through the use of indoctrination in the schools — but a lie, nevertheless. The opposite is the truth. Only the positive human values expounded by the 'black' consciousness movement can save us from the annihilation inherent in apartheid. Black people have a vital leadership role to play, through which God is speaking, and our present peril is that whites are not hearing his voice.

We shall be swamped by the black majority. Why do we interpret 'majority' in nationalist terms of race, ethnic group, and language? It is our task to strive for a majority that will put Christian concepts first, not the unChristian aims of wealth and security. Fifteen million black Christians in this country want to find a Christian answer — and that answer includes whites.

HOPE FOR THE FUTURE.

Gloom and despondency dominate many white Christians. The future looms before them in dreadful greyness, unrelieved by any sparkle of hope or delight, so they seek means of sensual or spiritual escapism, and let the government be their god.

67 Years of white power have failed to produce a peaceful and hopeful society, and government promises to secure the future of whites by the use of massive armed force are no comfort. The economy is breaking down under the cost of forcefully segregating and subjugating 80% of the population. Is there no shame when whites must shoot hundreds of school children to maintain their superiority? Superior in what?

But Christians who prophesy only doom must realise they are not speaking with a Jesus voice. There is an alternative programme in which the positive contribution of whites is fully demanded, arising from the faith that **God is busy with his programme. The strategy of God is at work in our history and it is our task to find and follow his purposes. That is what the Christian faith is about, and the task for which we are sent to make disciples.**

The alternative vision is the growth of a community which firmly believes in and seeks to work out the Christian model of

society in the New Testament. It can be expressed in three ways.

1. REPENTANCE. It is a society in which whites deliberately throw away their fearful submission to the Nationalist Government and white racist propaganda and take their place in harmony and humility with their neighbours. It starts with the unequivocal rejection of racism, nationalism, and the worship of wealth.

2. CHANGE. The objective is not to make a more comfortable place for blacks in the apartheid society, but to design a new sort of society altogether. This common shared society, making full use of the vital input of black people, is a community built on good human relationships arising from the total human resources of our land.

The priorities will be people not profit; 25 million educated healthy productive satisfied people rather than 4 million; a deliberate redistribution of wealth which starts with the voluntary renunciation of the search for riches by persons, groups, and churches. It means designing and building a distinctively new type of society for the South African Community, which will enable us all to face the future with hope and confidence and cooperation.

3. ACTION. It is a call for commitment to action, for people to build centres of confidence from which a new community can emerge out of the experience of shared knowledge, friendship, and trust. It means working out and adopting new life styles. It means political involvement. It means joining and supporting organisations and groups which are dedicated to bring change. It means bringing pressure to bear where you work and where you worship. It means forming a supportive community (instead of an ostracising one) for those who suffer from Government persecution. It means calling your friends and neighbours and family together and consulting with them on the issues involved, replacing falacies with truth, and translating theories into experience. It means seeking to build a Christian community.

That means establishing relationships of love.

And that casts out fear.

REDAKSIONEEL

VREES EN LIEFDE

Opvoeding word indoktrinasië; demokrasie word totalitarisme; 'Verdediging' beteken die kragtige afdwinging van 'n beleid op 'n ongewapende bevolking; Waarheid word bepaal deur sensorskap; Wet word aangekondig deur die polisie sonder toegang tot die howe. Geloof in Christus word die ondersteuning van godsdienstige stelsels en taboe van stamme. Baie kerkmense, terwyl hulle liberale teorieë verkondig, is in werklikheid besig om hulle te identifiseer met die wit heerskappy, rykdom, diskriminasie, westerse ideologieë, die gewapende magte van geweld, irrelevante pseudo-evangelies en 'n sosiale bewussyn, wat eerder die konsep van kapitalisme dan dié van Christus bevorder. Maar hulle is so vasgevang deur vrees dat hulle dit nie beseef nie.

Witmense het alles: veral vrees. Onbegrensde hoedanighede, edele tradisies, hoë ideale, lang opleiding en ruim ondervinding van burgerskap word belemmer deur hulle vrese... Hulle is soos puik afgerigte atlete wie se bene met kettings geboei is totdat hulle verdwerg en verwring word.

Hierdie donker wit vrese moet deur die lig van die waarheid uitgewis word.

Swartmense is nuttelos: Verkeerd. Die meeste wit idees van swart idees is wit idees. Baie wat die 'Ek ken die kaffer' mentaliteit koester, het hulle konsep van swart oogmerke gekry van wit politici wat geen ware kennis van die gevoelens van swartmense het nie. Die werklike swart bydrae is lewensbelangrik.

Swartmense is kommuniste: Verkeerd. Swartmense wil

graag menslike volwassenes wees in plaas van verontmenslike minderwaardiges, maar het geen begeerte om wit oorheersing vir rooi oorheersing te ruil nie. Die African National Congress en die Pan Africanist Congress het kommuniste in hulle geledere beveg eenvoudig omdat so baie swartes 'n kommunistiese oornamewerf. Tanzanië en Zambië het Sjinese hulp vir die Tanzam spoorlyn aanvaar slegs omdat die weste dit geweier het. Swart Suid-Afrikaanse politici wat 'n nuwe bedeling verlang, ondersoek met reg elke politieke en sosiale alternatief en gee alleenlik spesiale aandag aan kommunisme omdat Nasionaliste dit met soveel heftigheid verwerp. Tog weet hulle dat Nasionaliste net so in staat is soos die fasciste om kommunisme as 'n sondebok te gebruik en hulle het geen begeerte (en sien geen noodsaaklikheid nie) om oorgeneem te word deur die teorieë van die 19e-eeu of die Groot Magte van die 20ste-eeu nie. Hulle verlang 'n plaaslike, inheemse, werklike bevryding.

Swartmense sal die land deur stamgevegte uitdun. Verkeerd. Suid-Afrikaanse swartmense is deeglik bewus van die gevare van menslike broedermoord en baie krities oor die partyskappe wat chaos veroorsaak het tussen die witmense in Suid-Afrika; en tussen die swart state ten noorde. Baie is ernstig bevrees vir die taktiek van die Nasionaliste om die ideologie van etnisiteit te gebruik om 'Tuislande' te stig; hulle minag die 'onafhanklikheid' van die Transkei en BophuthaTswana en is baie besorg oor Inkatha.

Vanaf die African National Congress tot die Black Peoples' Convention het swart politieke organisasies stamgebondenheid vermy. Dit word spesifiek verwerp deur swartes in die kerke. Swartmense is net so bewus van hulle persoonlike en plaaslike wortels soos die Engelse, Jode, Afrikaners, Londenars of Transvalers — maar hulle wil een verenigde Suid-Afrika hê.

Hulle twyfel ook nie wie hulle leiers is nie alhoewel die geleentheid om hulle te kies nie aan hulle gegun word nie.

Swartmense sal witmense in die see jaag. Swartes sal wittes keel af sny. Swartes sal hulle mag gebruik om weerwraak te beoefen en ons kan hulle nie blameer nie. Verkeerd. Swartmense is gekant teen apartheid, onderdrukking, rassisme en onderwerping; hulle is gekant teen wit oorheersing, teen witmense wat vir hulle sê wat om te doen, teen witmense wat dink hulle weet die beste en teen die gedwonge oplegging van wit gebruike en prioriteite. Maar swartes is nie gekant teen wittes nie.

Die idee dat Verandering in Suid-Afrika 'n swart regering impliseer wat witmense geheel-en-al verwerp, is 'n versinsel van Nasionaliste se verbeelding en swartgevaar politikery. Omdat witmense swartmense uitsluit as sub-menslik behoort hulle nie te aanvaar dat swartmense dieselfde doen nie.

Daar is witmense in die regering van baie „swart“ state, insluitende ons buurstate. Daar is witmense in die African National Congress. Die Swart Bewussynsbeweging sluit witmense uit van lidmaatskap vir klaarblyklik taktiese redes, maar nie van vriendskap of van die toekoms nie.

Mense wat hulle skuldig gemaak het aan misdade teen die mensheid moet die oordeel van die samelewing in Suid-Afrika net soos op enige ander plek verwag; ontvlampunt-tragedies sal onvermydelik voorkom. Maar anti-misdadige aksie moet nie verwar word met anti-wit aksie nie en swart leiers is net so gekant teen gepeupel-heerskappy in Suid-Afrika soos wat hulle is teen die maghotlas in Soweto en die K.K.K. in die V.S.A.

Swartmense sal die katastrofes van die state ten noorde herhaal. Verkeerd. Suid-Afrikaanse swartmense is meer as enigeen bewus van die gebeure in die noorde en is gekant teen diktators wit, rooi of swart. Hulle weet baie beter as die meeste witmense van die foute van Nkrumah, die probleme van Nyerere, die spanninge rondom Kaunda, die dwaashede van swart leiers in Zimbabwe en die onnoembare skandelikheid

van regerings soos dié in Uganda (lees wat swartes daarvoor skryf). Hulle is vasbeslote om 'n alternatiewe Suid-Afrikaanse Christelike oplossing wat sal werk, te voorskyn te bring.

Swartmense het niks positiefs om te offer nie. Verkeerd. Dis 'n leuen teen die menslike geslag wat in stand gehou word deur die rassistiese beïnvloeding van die media en die vorming van vreesbevange witmense deur middel van indoktrinering in die skole — maar nietemin 'n leuen. Die teenoorgestelde is die waarheid. Slegs die positiewe menslike waardes soos deur die 'swart' bewussynsbeweging uiteengesit, kan ons red van vernietiging wat inherent in apartheid is. Swartmense het 'n lewensbelangrike lewensrol, waardeur God besig is om te praat, om te vervul en die huidige gevaar is dat ons as witmense nie sy stem hoor nie.

Ons sal verswelg word deur die swart meerderheid. Waarom interpreteer ons 'meerderheid' volgens die Nasionaliste se terme van ras, etniese groepe en taal? Dit is ons taak om te strew na 'n meerderheid wat die Christelike konsep eerste sat stel, nie die onchristelike doelstellings van rykdom en sekuriteit nie. Vyftien miljoen swart Christene in hierdie land wil 'n Christelike antwoord vind — en die antwoord sluit witmense in.

HOOP VIR DIE TOEKOMS

Somberheid en moedeloosheid domineer baie wit Christene. Die toekoms strek voor hulle uit in doodse grysheid, sonder enige sprankie van hoop of vreugde, daarom soek hulle weë van sensuele of geestelike ontvlugting en laat toe dat die regering hulle god is.

67 Jaar van wit gesag het gefaal om 'n vreedsame en hoopvolle samelewing voort te bring en die regering se beloftes om die toekoms vir witmense te verseker deur die gebruik van 'n massiewe gewapende mag is geen gerusstelling nie. Die ekonomie is besig om af te takel vanweë die gedwonge skeiding en onderwerping van 80% van die bevolking. Is daar geen skaamte as witmense honderde skoolkinders moet skiet om hulle meerderwaardigheid te handhaaf nie? Meerderwaardig in wat?

Maar Christene wat alleen verdoeming voorspel, moet beseft dat hulle nie met 'n Jesus-stem praat nie. Daar is 'n alternatiewe program waarin die positiewe bydrae van die witmense tenvolte geverg word, omdat dit voortspruit uit die geloof dat **God besig is met sy program. Die strategie van God is besig in ons geskiedenis en dit is ons taak om sy oogmerke te ontdek en te volg. Dit is waaroor die Christelike geloof gaan en die taak waarvoor ons gestuur word om dissipels te maak.**

Die alternatiewe visie is die groei van 'n gemeenskap wat vas glo in die Christelike model van die Nuwe Testamentiese gemeenskap en soek om dit te verwesenlik. Dit kan op drie maniere uitgedruk word.

1. BELYDENIS. Dit is 'n samelewing waarin witmense willens en wetens hulle vreesbevange onderworpenheid aan die Nasionale Regering en wit rassistiese propaganda moet afskud en hulle plek moet inneem in harmonie en nederigheid naas hulle bure. Dit begin met die ondubbelsinnige verwerping van rassisme, nasionalisme en die aanbidding van rykdom.

2. VERANDERING. Die doel is nie om 'n meer gerieflike plek vir swartmense in die apartheidsamelewing in te ruim nie, maar 'n algehele nuwe vorm van samelewing te ontwerp. Hierdie gesamentlik-gedeelde samelewing met volle gebruikmaking van die lewenskragtige bydrae van swartmense is 'n samelewing wat gebou word op goeie menslike verhoudinge wat voortspruit uit die totale menslike bydraes in ons land.

Die prioriteite sal wees mense — nie wins nie; 25 miljoen opgevoede, gesonde, produktiewe, tevrede mense liever as 4 miljoen; 'n doelbewuste redistribusie van rykdom wat begin by die vrywillige prysgawe van die soeke na rykdom deur persone, groepe en kerke. Dit beteken om 'n kenmerkende nuwe soort

samelewing vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap te ontwerp en te bou, wat ons almal in staat sal stel om die toekoms met hoop en vertroue en samewerking tegemoet te gaan.

3. AKSIE. Dit is 'n oproep tot toewyding tot aksie, dat mense sentrums van vertroue sal uitbou waaruit 'n nuwe gemeenskap te voorskyn sal tree as brug van die ondervinding van gedeelde kennis, vriendskap en vertroue. Dit beteken om nuwe lewenswyses uit te werk en aan te neem. Dit beteken politieke betrokkenheid. Dit beteken aansluiting by en ondersteuning van organisasies en groepe wat toegewy is om

verandering aan te bring. Dit beteken om druk uit te oefen waar 'n mens werk en waar jy aanbid. Dit beteken om 'n nuwe ondersteunende gemeenskap te vorm (in plaas van een wat uitsluit) vir hulle wat ly onder vervolging deur die regering. Dit beteken dat jy jou vriende en bure en familie moet bymekaar roep en met hulle sal beraadslaag oor die betrokke vraagstukke, om valshede met waarheid te vervang en om teorieë in daad te omskep. Dit beteken om te soek om 'n Christelike gemeenskap te bou.

Dit beteken om verhoudinge van liefde tot stand te bring. En dit dryf vrees uit.

AFRICA'S FUTURE LOOKS SAD

PERCY QOBOZA, Editor of THE WORLD Newspaper, is prominent amongst the voices of black Africans in the Transvaal. In little over a year THE WORLD has developed from a sex and soccer sheet to a vital reporter and commentator of the South African scene. It is a paper for blacks that whites should not miss. We reprint a recent editorial from WEEKEND WORLD.

AFRICA, so far, has not exactly been a raving success.

The great promises that were made at independence have seldom turned into reality. Instead of the land of milk and honey, independence has too often been a case of dry bread.

Not all is gloom. There are the Kaundas, the Nyereres, the Khamas — but there are too many of the other kind.

(1) Amin

Foremost of the "other kind" is Uganda's President Amin. Amin is not a joke, as some people seem to think. He is a wicked racist murderer, and an insult to Africa.

The free Press of Africa is virtually unanimous — Amin must go. But where are the governments of Africa? Until they, too, raise their voices against Amin's massacres they will appear to the world as a spineless mob of jackals.

(2) Matanzima

Kaiser Matanzima is introducing a death penalty for people who criticise the Transkei's "independence". What a way to win the recognition of the world! What a way to celebrate the birth of a so-called "free"State!

Is this what is in store for the other homelands? Is it this kind of attitude which will ultimately hold sway in South Africa itself?

(3) The Zimbabweans

If there is anything even more depressing than the attitude of the White Rhodesians, it is the attitude of the Black ones.

On the present showing it is highly likely that when the Smith government finally topples, the country will face years of war and violence while the conflicting Black groups try to grab power.

(4) Vorster

Yes — Africa's future looks sad. But no where as sad as right here in South Africa Black leaders generally are putting up a poor performance, but none as bad as our own Government. Whatever their faults, none of the Black leaders have the incredible gall to build up a structure of law that makes one race inferior to another.

Let that not offer any comfort to Black people. Let Black South Africans realise that our only chance for contentment is by realising that wickedness can occur under Black rule as well as White, and by opposing all forms of racism and brutality — both now and in the future.

NATION MAKES MISTAKES

—President Carter

Warning that "in effect, many of us worship our nation", President Jimmy Carter told the 25th Annual National Prayer Breakfast that America must be more humble as a nation.

"A sense of communion that we can have under God throughout the world," he said, "ought to convince us that we are not superior, that we ought to constantly search our national and

individual consciousnesses and strive to be better, which doesn't mean more powerful and autocratic, but more filled with love and understanding and compassion and humaneness and humility."

"Sometimes it is easier for us to be humble as individuals than it is for us to admit that our nation makes mistakes", Mr Carter said.

„DIE AFRIKANER AS REBEL”

—Beyers Naudé

(Bydrae tot paneelbespreking op Vrydag, 4 Februarie 1977 as deel van die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad onder die tema: Suid-Afrika 1984: Afrikaner Waarheen?)

Die Afrikaner verkeer vandag oteenseglik in die ernstigste krisis van sy voortbestaan. In teenstelling met baie Afrikaners wat die hoofoorsake van hierdie krisis buite die Afrikanervolk om soek en wat die skuld daarvan op magte en moondhede buite die Afrikaner om plaas, wil ek beweer dat dit in die eerste plek die Afrikaner self is wat verantwoordelik is vir hierdie krisis en nie vyandige magte van buite nie. Ek wil vir geen oomblik die gevaar van magte van buite wat die Afrikaner se bestaan bedreig, ontken of verkleineer nie, maar ek wil beweer dat die grootste bedreiging vir die Afrikaner en sy voortbestaan voortkom vanuit die Afrikaner self, vanuit sy eie geleedere en nie van buite nie. As in wese hierdie stelling korrek is, dan is my verdere stelling ook waar, naamlik dat dit in die laaste instansie die Afrikaner self is wat hierdie bedreiging vir sy voortbestaan kan afweer en kan omskep in 'n toekoms van verantwoordelike saambestaan met ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika — natuurlik met aanvaarding van sy posisie as een van 'n aantal minderheidsgroepe in 'n volksbestel van 25 miljoen mense.

Laat my toe om my bewering dat dit ten diepste die Afrikaner self is wat sy voortbestaan bedreig soos volg te staaf. Vooraf egter moet ek kortliks stel hoe, na my mening, die krisis hom vandag vertoon. **Polities** het die beleid van afsonderlike of selfstandige ontwikkeling by 'n doodloop-staat gekom omdat, ten spyte van al die vroom versekeringe wat aan ons voorgehou word, ons weet dat die oorgrote meerderheid van die swart en bruin bevolking die huidige politieke beleid nooit vrywillig sal aanvaar nie; **ekonomies** beleef ons die een krisis na die ander soos bewys word nie net deur die ineenstorting van 'n magtige eiendomsontwikkelingsreus soos Glen Anil nie, maar veral deur die dodelike kritiek van 'n ras-egte Afrikaner soos dr. A. D. Wassenaar; **kerklik-teologies** word die gaping in Bybelse interpretasie en kerklike beleid tussen die drie blanke Afrikaanse kerke enersyds en die drie swart N.G. Kerke andersyds steeds groter met toenemende isolasie van die drie blanke kerke; **buitelands** het Suid-Afrika hom nie alleen van die volkere van Afrika vervreem nie, maar ook van die Weste en staan ons tans geheel en al alleen; **binnelands** groei swart en bruin ontevredenheid en verbittering teen die magspolitiek van die Afrikaner by die dag. Waarom al hierdie ontwikkelinge? Wat is die grondoorsaak van hierdie, vir die Afrikaner, toenemend bedreigende situasie?

„Die oorsaak van al die omwentelinge in ons land en in ons stede in die besonder, is nie, die studente' of 'die totsis' of 'Swart Bewussyn' of 'Kommuniste' of 'Christen-agitators'. Die primêre oorsaak van onrus en van al die geweld in ons land is die sonder van rassediskriminasie. Dit is hierdie sondige blanke rassisme wat die oorsaak is van verslegtende verhouding tussen Swart en Wit in ons land.” So (vry vertaal) som die Predikante Broederkring van Langa, Guguletu en Nyanga in Kaapstad die situasie op in 'n vlugskrif getiteld: Message for 1977 — to those in authority and to White South Africa.

Dis my diepe oortuiging dat elkeen van die hierbo-genoemde situasies in die laaste instansie voortgespruit het uit die politieke rassebeleid van die Afrikaner. Die weiering van die Regering om dit ruitelik te erken, gepaardgaande met die weiering van die Afrikaner as gemeenskap om dit in te sien, is die grootste enkele oorsaak van die krisis waarin die Afrikaner hom vandag bevind.

'n Tweede oorsaak van die krisis is geleë in die angsvallige weiering van die amptelike leierskap van die drie Afrikaanse kerke om sonder huiwering aan hulle lidmate die pynlike maar noodsaaklike waarheid te verkondig dat ons huidige landsbeleid, gemeet aan die Bybelse norme van naasteliefde, geregtigheid, gemeenskap, versoening, bevryding en vernuwing in direkte stryd is met die evangelie. Ek wil vir geen oomblik die waarde van die onlangse verslag van die N.G. Kerk oor rasseverhoudinge misken nie of die ernstige poginge van die Calvinistiese groep van Woord en Daad in Potchefstroom onderskat nie, maar ek is oortuig daarvan dat ons alleen dán die lidmate van die drie Afrikaanse kerke sal help as die hierbogenoemde Bybelse begrippe en waarhede vir die deursnee lidmaat in duidelik verstaanbare taal deur middel van prediking, kategetiese onderrig, kursusse en konferensies op 'n **konkrete** manier uitgespel en in voortdurende diskussie gestel word. Dit sal ook beteken dat die kerk sy profetiese roeping teenoor die staat sal moet nakom om nie net persoonlik en vertroulik nie, maar ook in die openbaar oor ons volkereverhoudinge en rasseproblematiek te sê: So sê die Here! Eers wanneer ons so ver gekom het is daar hoop om die verlore vertrouwe van die drie swart N.G. Kerke te herwin en die proses van toenemende vervreemding en polarisasie tussen wit en swart Christene binne die familie van die N.G. Kerke tot 'n halt te roep.

'n Derde oorsaak van die ernstige dilemma waarin die Afrikaner hom vandag bevind is die weiering of die onwil van die grootste groep van Afrikaner akademici om pertinente, indringende, prinsipiële kritiek teen die huidige politieke beleid te lewer. Ek bedoel hier kritiek nie net teen sekere aspekte van die beleid nie, maar teen die hele konsep, die fundering, die struktuur, die raamwerk self. Dit val my keer op keer op hoedat talle Afrikaanse akademici (en dit geld ook vir die grootste getal van Afrikaanse teoloë) wanneer hulle kritiek op die huidige politieke sisteem uitspreek, angsvallige pogings aanwend om te beklemtoon dat hierdie kritiek nie gesien of geïnterpreteer moet word as 'n verwerping van die breë raamwerk van die politieke beleid van selfstandige ontwikkeling nie. Wie vandag nog die oplossing vir ons volkereverhoudinge binne hierdie raamwerk bly soek, pleeg verraad teen die hoogste belange van die Christendom sowel as die Afrikanervolk en versterk daarmee die oortuiging in ons swart gemeenskap dat die Afrikaner nie bereid is om enige alternatief te oorweeg of enige gehoor aan die waarskuwings en pleidooie van swart leiers te gee nie. Die ware bevryding van die Afrikanervolk sal eers dan kom wanneer 'n genoegsame aantal Afrikaanse akademici bereid is om buite die raamwerk van 'n verwurgende politieke beleid te gaan staan en die prys daarvoor te betaal — net soos die bevryding van die blanke Afrikaanse kerke van hulle ideologiese verbintenis eers dan sal kom wanneer 'n genoegsame aantal Afrikaanse teoloë wat op grond van die evangelie in hulle harte en in hulle gewetes die beleid van selfstandige ontwikkeling verwerp, bereid is om dit in die openbaar te sê en ewe-eens die prys daarvoor te betaal.

En as dan as verweer die argument geopper word dat die openbaarmaking van sodanige oortuiginge lei tot vervreemding van en verwerping deur jou eie volk dan antwoord ek deur te sê dat

dit die prys is wat 'n Afrikaner bereid moet wees om te betaal as hy sy volk van ondergang wil help red. Alleen die openbaarmaking van die waarheid kan die Afrikaner bevry. Is dit 'n ydele droom om selfs nog op hierdie laat oomblik te bly hoop dat 'n aantal Afrikaners die moed sal hê om na vore te kom met die stigting van 'n Genootskap van Vrye Afrikaners wat die magte wat ons wil vernietig kan aanspreek en sê: Tot hiertoe en nie verder nie?

'n Vierde oorsaak van die ernstige krisis waarin ons as Afrikaners ons tans bevind is die byna halsstarrige weiering van ons blanke gemeenskap (insluitende die Afrikaner) om aandagtig (en ootmoedig) na die openhartige en some skerpsnydende kritiek van bruin en swart leiers in ons midde te luister — omdat onder andere regeringspropaganda daarin slaag om sulke kritiek af te maak as komende van agitators, opstokers, kommuniste, verdwaalde geestelikes en dergelike meer. As die kritiek van verantwoordelike leiers soos Steve Biko; Allan Boesak, Gatsha Buthelezi, Manas Buthelezi, Sam Buti, Alan Hendrickse, Sonny Leon, en Desmond Tutu teen die Afrikaner en sy politieke en kerklike beleid vir ons onaanvaarbaar is — as ons in ergernis of woede (of verbolgenheid — om die woord van Die Burger te gebruik) dit afwys of verwerp met die wrewelige oproep: Klim van die Afrikaner se rug af! — as ons Afrikaners ons harte verhard en ons gewetes toesluit vir die pleidooie van sulke mense, watter hoop het ons dan om die krisis op te los? Watter morele reg het ons dan om te verwag dat dié mense geduldig, gediensdig, gedwee moet wag tot eendag doer ver in die verskiet wanneer ons as blankes en as Afrikaners dit uiteindelik goeddink om erns te maak van hulle waarskuwings en uitnodigings? Is ons as Afrikaners dan werklik so blind dat ons nie kan insien dat as ons die opregte pogings van hierdie gemagtigde leiers tot 'n dialoog met die oog op politieke magsdeling afwys, ons uiteindelik voor 'n radikale, revolusionêre leierskap te staan sal kom wat nie meer bereid sal wees om te kommunikeer nie, maar alleen om te konfronteer?

'n Verderê, en vir my ewe-eens ernstige, gevolg van die negering of afwysing van hierdie swart en bruin leiers is die wyse waarop ons as Afrikaners daardeur in toenemende mate veral die jong swart intellektueles van ons sted in die arms van die Marxiste en die kommuniste dryf. Is dit nie ironies dat dié volk wat homself daarop beroem dat hy die mees uitgesproke, anti-kommunistiese volk ter wêreld is 'n politieke beleid volg en afdwing waardeur al meer en meer die oortuiging by miljoene swartes van ons land posvat, dat hulle hul bevryding alleen van die kommunisme kan verwag? As ons huidige bewindhebbers dan werklik so bekommerd is om die

aanstormende mag van die kommunisme te breek (soos hulle beweër), waarom kom hulle dan nie na vore en sê eerlik aan die Afrikanervolk: „Ons kan nie so voortgaan nie. Of ons gaan voort om 'n beleid op die meerderheid van die bevolking af te dwing wat al hoe meer haat en vyandskap teen die blanke wek en al hoe meer swartes hulle heil en bevryding by die kommunisme laat soek, óf ons sien af van hierdie heillose weg en verklaar ons bereid tot 'n samespraak met swart en bruin leiers om 'n politieke magsdeling te bewerk wat die kommunisme sy aantrekkingskrag as ideologie vir miljoene swartes sal ontnem.” Dis die keuse waarvoor die blanke, en by name die Afrikaner, vandag in Suid-Afrika staan.

Slot: Selfs in hierdie late uur wil ek beweër dat daar nog die moontlikheid bestaan vir die Afrikaner om 'n wending te gee aan die gang van sake wat andersins ramspoedig gaan wees — as daar 'n genoegsame aantal Afrikaners bereid is om na vore te kom en in woord en daad hulle verset teen die huidige beleid bekend te maak. Sodanige moedige optrede veronderstel egter die aanvaarding van minstens die drie volgende stappe:

1. Dit verg die moed om weg te breek van die huidige politieke status quo, nie om daardeur van die Afrikaner weg te breek nie, maar om duidelik te sê dat ons nie bereid is om ons óf deur Pretoria óf deur Potchefstroom óf deur Kaapstad óf deur watter groep ookal, te laat voorskrywe van wat ons onder Afrikanerskap verstaan nie, asook om daardeur ons opregte begeerte te betoon om die toekomstige saambestaan van Afrikaner met ander volksgroepe in hierdie land te verseker.
2. Dit veronderstel verder die gewilligheid aan die kant van sulke Afrikaners om oor te gaan tot 'n georganiseerde vreedsame verset teen alle vorms van onreg wat vandag in die naam van die behoud van blanke identiteit en van Christelik-nasionalisme aangebied en vereis word. In hierdie verband geld die sleutelwoord van prof. Dreyer Kruger ten diepste: Vreedsame verset as morele imperatief.
3. Dit verg van ons 'n nuwe lewensstyl, 'n nuwe lewenspatroon waar klein alternatiewe gemeenskappe van mense van verskillende uiteenlopende kulturele en rasse-agtergronde bereid is om saam te kom om iets te weerspieël van die menslike verhoudinge van die toekomstige Azania. Selfs al sou dit geen noemenswaardige openbare uitwerking hê nie, dan sal sulke pogings dien as 'n teken, as 'n simbool van hoop en verwagting dat dit moontlik is om in die land van die toekoms as wit en bruin en swart in vrede saam te lewe.

KAAPSTAD,
4 Februarie 1977.

PRO VERITATE AND THE CHRISTIAN INSTITUTE

P.V. to be sent FREE to all C.I. members

The recent National Council of the Christian Institute made several far reaching decisions regarding Pro Veritate. The journal has always existed financially on a large grant from C.I. sources, and the effect of the changes will be to reduce the grant, increase circulation, and increase Regional involvement in distribution and promotion.

- * PRO VERITATE will be sent free to all C.I. members, via the Regional Offices.
- * The C.I. membership subscription of R1 per annum remains unchanged at a figure anyone can afford. However, nearly all members send a donation as well, and we hope they will increase this to assist with Pro Veritate.
- * The reduction in the work load in Johannesburg makes

possible a cut back in staff and office accommodation.

- * Subscriptions to P.V. from people who are not members of the Christian Institute will be increased to R5.00 per annum to cover the increased cost of printing and postage.
- * Promotional Campaigns are to be encouraged, from Regional level, in an endeavour to have PRO VERITATE sold regularly in many churches, educational institutions, work centres, and local organisations. Copies in bulk for such campaigns can be obtained from Regional C.I. offices, and will sell at 30c each, compared with the normal price of 40c. (Except that if people join C.I. they receive Pro Veritate freely.)

We hope that many local individuals will take it upon themselves to sell P.V. 10 copies per month are not much — but it soon mounts up when 100 people start doing it!

"ONLY SOCIALISM CAN SATISFY SOUTH AFRICA'S FUTURE."

-Peter Randall

On March 1st 1977, Peter Randall spoke in favour of this motion at the Centenary debate of the University of Cape Town Debating Union. Harry Oppenheimer, head of the Anglo American Corporation and Chancellor of the University opposed the motion.

This is the real debate in South Africa today, and we report it in full.

I congratulate the Union on its centenary, and on its choice of topic for this anniversary debate. The Union obviously sees the true nature of the basic issue facing South Africa.

I also congratulate the Union on its choice of at least one of to-night's speakers. It's not so obvious, however, why I should be the other. Some reasons may be found in the very nature of our political economy, that complex interplay of politics and economics which makes up the South African social system. **Ideally you should have had a spokesman for black labour, but the most articulate and dynamic black labour leaders have been systematically silenced, with hardly a squeak of protest from organised white labour or from the captains of commerce and industry, those upholders of freedom — their freedom — in a free enterprise system.**

On the other hand, you would hardly expect to have a spokesman for organised white labour proposing to-night's motion. Generally, our white labour leaders are pretty content with the capitalist system. It has given them a good innings, at the expense very often of their black colleagues. In fact there is a basic convergence of the interests of white government, white business and white labour in our free enterprise system, which results in quite a cosy alliance, notwithstanding relatively minor disagreements. And even moderate white labour leaders who disagree a little too strongly soon get silenced themselves.

So I'm afraid you'll have to put up with someone like me: not a doctrinaire socialist, and a pretty poor ideologue. **But I do believe that our present socio-economic system is leading us to disaster, and that only the adoption of a social democratic program offers any real hope for the future.** This is essentially my case to-night. I shall concentrate, perhaps inevitably, on the economic ordering of our society, but I wish to remind you that social democratic principles extend into other major fields, like education and the law. Inevitably, I shall also have to be brief and risk oversimplification. I cannot present the case for a social democratic South Africa in a bare quarter hour with any adequacy.

Social Justice

The clash of ideas, the great debate about socialism and capitalism, has occupied generations and encompasses virtually the whole globe. It is clear that most countries are now moving, if not in a pure socialist direction, at least towards a mixed economy, employing many of the programs and principles of socialism for the greater benefit of their people. Portugal is only one example in recent times.

The motion you will be called to vote on reads: Only socialism can satisfy South Africa's future. By SA I understand not just the whites, not just the affluent, whether black or white, but our total human community. Eugene Roelofse, former director of the Consumer Council, who was purged when his ideas became too embarrassing to big-business and the government, reminds us that the average SA consumer is not an Afrikaans-speaking senior clerk living in Parow and with a half-paid for Valiant — he is a black worker with a monthly income around R70 and an education around Std. 3. And it is this average South African's future which must be satisfied if all of us are to have any future at all. This is possible only through the achievement of social justice, of a society in which poverty, ignorance and race and class conflict are progressively eradicated, a society in which real human needs are met, rather than the pseudo needs fostered by advertisers and other

lackeys of big business, a society in which, as far as possible, the exploitation, degradation and alienation of people and the destruction of our environment will not be tolerated. For all this we need an equitable sharing of wealth and resources and effective participation of all our people in major decisions, political and economic, which affect our lives.

These ideals cannot be achieved in our country through capitalism. This dehumanising system in fact retards the achievement of a just society. It is like a runner with a huge lead saying to his competitors, OK you can start now. Capitalism rests on values of individualistic-materialism. Lord Keynes said: 'Avarice and usury must be our gods, for only they can lead us . . . into daylight'.

Strange and obscene gods for men to go whoring after. We need other, worthier ones in their place to be fully human. Ha, the 'realists' will say smugly, starry-eyed idealism. But, as a French student leader said, 'Be realistic, do the impossible'. And I would add, **if we do not do the impossible, we shall face the unthinkable.** Like the great Calvinist, Andre Bieler, I believe the world has arrived at a point where the ever-madder pursuit of material goods has become suicidal, and when utopia alone is realistic.

We must also grasp the present as history, realising that many of our social institutions and modes will change; unbridled capitalism and the unfettered pursuit of profit is a relatively recent phenomenon — one day it too will be relegated to history's scrapheap to join other quaint concepts like slavery and the divine right of kings. I recognise there are no panaceas, that social engineering is complex and involves difficult decisions — putting money into mass basic health schemes rather than prestigious heart transplants, for example. But there is no growth without pain, no building without rubble.

Challenge

The new Penguin political dictionary defines socialism as 'a political and economic theory according to which the means of production, distribution and exchange should be owned and controlled by the people, everyone should be given an equal opportunity to develop his talents, and the wealth of the community should be fairly distributed.' Can any fair-minded person argue with that as a desirable goal for our society? The commanding heights of the economy, the main industries of the nation, should be brought under common control and planned for the common good, and not for the benefit of a few shareholders. This does not mean the nationalisation of every fish and chip shop or dry cleaning establishment.

The definition also stresses the need for a fair sharing of wealth. This is one of our most urgent priorities. For any future worth having we must eradicate the artificial gap in incomes and living standards between white and black. Not only is the huge racial disparity immoral, it holds the seeds of massive conflict. The present economic system cannot save us from that. It may admit a few selected blacks in, to form a small elite — the 'middle class buffer' we are told about — but it cannot solve the major problem. Only the other night, speaking in the USA, Chief Gatsha Buthelezi said, 'I see the need for a radical redistribution of wealth which I cannot envisage taking place within the framework of SA's present order'. He went on, 'Blacks suffer terribly as a result of a particularly exploitative free enterprise system' and he looked towards the day when unfettered capitalism would be eliminated. From within Afrikanerdom itself men like Prof Dreyer Kruger are

now raising the same challenge to capitalism.

There is a groundswell building up, which allied to the inherent weaknesses and contradictions in capitalism itself, points towards the shape of the future South Africa with which all of us, wealthy capitalists included, will have to come to grips. No wonder that Dr van der Peol, managing director of Huletts, speaking to the Institute of Race Relations, expressed alarm at the rejection of the free enterprise system among blacks, who, according to him, see capitalism as being only for the benefit of whites. In a notable address at the same conference Mr Michael Savage presented some sobering figures: *10% of our population get 58% of all income* — a worse picture even than Brazil, notorious for its social inequalities. *Although forming only just over 17% of the total population, whites get more than 73% of all the country's income. Nearly two-thirds of all African households live on less than R80 a month, and almost a third of Coloured people live below the poverty line.* Yet the whites are persuaded to spend more than R20m a year on their pets, while R300m was spent on TV sets in the first 18 months of the TV service.

But R50m would electrify Soweto, and R20m wipe out the black housing backlog in the country's largest and richest city. The Sprocas Economic Commission found that some sectors of the black population are poorer now, in absolute terms, than at the beginning of the century. The Financial Mail calculates that the gap between black and white household incomes widened dramatically during the great boom years up to 1973, while the Wainers and the Poplaks of this world were having it good, and that white per capita incomes are now 16 times as high as those of Africans. Verily, under capitalism, the rich get richer and the poor get poorer.

Not apartheid but capitalism

Because we cannot simply blame the government or apartheid for this sorry record. The same kind of imbalances appear in the leading free enterprise country, where the law at least is on the side of non-discrimination. The top 20% of Americans own 80% of all that can be privately owned, and the bottom 25% own literally nothing, or less than nothing, being in debt.

No socialist society on earth shows anything like these patterns of gross inequality. Nor can the reason be found in the racial composition of SA and the USA. At the height of British capitalism, at the beginning of the century, the same patterns appear — and are by no means eradicated yet. The cost in social and human terms is poignantly revealed in the death rates in London in 1906. In the working class East End the average life expectancy was 30 years; in middle to upper class Mayfair it was 55.

